KI-DEO NUUSBRIEF

10 years and growing stronger

Altyd Dankbaar!

Ek wens partykeer dat ek 'n dagboek bygehou het vir al die onthou-jy-nog's, om op afdae en moeilike tye net weer herinner te kan word van hoe 'n groot God ons dien! Om te onthou dat ons 'n God van die onmoontlike dien en dat Hy al soveel deure vir ons oopgemaak het en absoluut voorsien het in tye van nood!

Die onthou van 'n baie bang dogtertjie vol vrese, die nagmerries in die aand, die enkoprese en vandag 'n gesonde dogtertjie sonder enige vrese wat die wereld vierkantig in die oë kyk en vir niemand terugstaan nie! Die trotse oomblik toe een van die seuns bloubul kleure in rugby gekry het, die breë bors oomblikke waar my kinders aangewys is as leiers van hul skool, die toekennings by meriete funksies, hoogtepunte by sport en so kan die lysie aangaan!

Oor die afgelope tyd was dit so 'n wonderlike journey met hierdie hartkinders van my, die voorreg om te kan sien en beleef hoe Jesus stukkende lewentjies hom herstel, hoe hierdie kinders geleenthede aangryp en presteer! Hoe hulle treëtjie vir treëtjie, moedig die styl pad van herstel aandurf en met vlieënde vaandels slaag! Het ek by hulle geleer om uit te hou, aan te hou en net nooit op te gee nie! Die kinderlike geloof van onvoorwaardelike vertroue, al die liefde wat hulle gee, die drukkies, soentjies, spesiale oomblikkies van onvoorwaardelike liefde!

Ek het die wonderlike voorreg om al vir amper 10jr huismamme vir hierdie wonderlike kinders te kan wees, was, is en sal daar altyd uitdagings wees, moeilike tye en tye wat ek eenvoudig net voel om handdoek in te gooi,maar as ek na hierdie kinders van my kyk, die ogies vol vertrou en hule onvoorwaardelike liefde, sal ek seker 'n stuk van my hart moet uitsny om hulle te los! Is ek so dankbaar dat hulle deel van my lewe kan wees, dat ons saam elke uitdaging kan aanpak, bid ons saam vir God se voorsienigheid oor Ki-Deo, kan ons elke situasie saam aan Sy voete neerle en dit in Sy hande los! Saam stap ons die pad van geloof!

Einde Oktober 2014 het ons 'n dogtertjie (7jr oud) gekry. Die oproep die oggend dat hulle haar sommer van die skool af gaan verwyder en vir my bring, het my hart in stukkies laat breek, want ek het geweet dat hierdie ou dogtertjie deur 'n ongelooflike moeilike tyd kom en sal ons oral liefie pleisters moet plak om die stukkende mensie te help gesond word, om haar weer 'n volwaardige plek in die lewe te kan gee!

Die Maatskaplike werker het haar die middag hier aangebring, en met my hart in die keel en trane wat vlak gesit het en ek nie geweet het wat om te verwag nie! Groot was my verbasing toe ek 'n glimlaggende dogtertjie ontmoet! Ek onthou hoe haar ogies gerek het toe ek vir haar haar kamer en bed ge wys het en hoe opgewonde sy oor haar mooi beddegoed was. Na twee weke het die prokureur en die maatskaplike werker kom besoek en na 'n gesprek met haar, was van die beste dinge van die huis, haar eie bed, dat sy lekker kos kan eet, die swembad en dat sy gelukkig is en veilig voel. Die eerste Kersfees by ons toe sy haar groot droom kon bewaarheid en 'n Baby Born pop kon kry, haar eerste verjaarsdag met haar Barbie koek en Barbie pop wat sy as geskenk gekry het, die ogies wat blink en 'n glimlag wat strek van oor tot oor! Die seer en hartseer oomblikkies wat ons kon deel met 'n drukkie en 'n soentjie! Vandag is hierdie dogtertjie eerste in haar graad, kan sy die einde van die kwartaal ophou met terapie en is sy gelukkig en gesond, het sy aangepas en is sy die ongelooflikste liefiekind wat my hart in die holte van haar hand vashou!

Kontakbesonderhede:

Tel: 012 644-2524
Sel: 083 696 8600
E-pos: theresag@ki-deo.co.za
www.ki-deo.co.za

GAAN LIKE ONS ASB OP FACEBOOK EN VERTEL JOU VRIENDE VAN ONS!

Belangrike Nommers:

NPO reg no.: 000-762
WO no.: 11 02 0059
PBO.: 18/11/13/1456

Ons is 'n geregistreerde organisasie en kan jou voorsien met die nodige artikel 18A sertifikaat indien nodig vir belasting-doeleindes!

Bankbesonderhede is soos volg:

ABSA: Rek no.: 10500 40654
Verw.: MSK-KH
E-pos bewys na:
theresag@ki-deo.co.za

Kruideniersware benodig:

Suiker
Koffie (Ricoffy)
Tee (Rooibos)
Pasta
Rys
Two-Minute-Noodles
Tamatie– en Uiesmoor
Tamatiepuree
Speserye
Sout en Peper
Geblikte ertjies
Sweetcorn
Tuna
Bully Beef
Oats
Mieliepap
Kitspappe
Margarine
Peanut botter
Stroop
Bovril
Kaassmeer
Konfyt
Aanmaak koeldrank
Mayonnaise
All Gold Tamatiesous
Chutney
Sweet Chilli Sous
Skoonmaakprodukte:
Handy Andy
Domestos
Mr Min
Mr Muscle
Toilet Duck
Jeyes Bloo blokkies
Jeyes Fluid
Skottelgoedwasser seep
Swart sakke
Swart skoenpolitoer
Skuursponsies
Staalwol
Waslappies
Afdrooglappe
Eiers
Melk
Kaas
Weense Worsies
Sousboontjies
Beet
Vars groente of gevriesde groente
Kaas
Vrugte
Koekies en Lekkers

Moelike tye

Van die begin van die jaar af, ontvang ons geen subsidie van die Staat nie en hardloop ons die huis met –R20 000 per maand. Gelukkig is ons gemeente, Doxa Deo daar om te help maar het dit nou dringend geword dat mense op 'n maandelikse basis betrokke raak en help met kruidenersware, maandelike finansiële bydraes of enige ander behoefte wat ons ookal mag hê! Met dinge soos dit is, moet ons probeer om totaal onafhanklik van subsidies te wees aangesien ons nie daarop kan staatmaak nie!

Ons weet dat hierdie kinders ook God se hartkinders is. Hulle is weggeneem uit omstandighede wat so ongelooflik sleg was en wil ons so graag vir hulle geleenthede gee wat hulle nooit gehad het nie, wil ons vir hulle 'n huis gee waar niemand hoef te bekommer oor kos vir more of enige ander uitdaging wat ons ookal mag beleef nie. Wil ons hulle graag op skooltoere en uitstappies kan stuur, maar dan het ons 'n gemeenskap nodig ons hande te kan neem en te help om hierdie ongelooflike kinders te kan grootmaak!

Medikasie alleenlik kos R2 000 per maand, krag vir so 'n groot huishouding is ongelooflik duur en dan praat ons nie eens van daaglikse melk en brood nie.

Hierdie is groeiende kinders en tussen die ouderdom van 8—19jr, en groei hulle teen 'n tempo en eet my behoorlik uit die huis uit! Dus is dit elke seisoen nuwe klere, einde van die jaar het ons twee dogters wat hoërskool toe gaan en so gaan ons lysie aan.

Dankie aan almal wat reeds betrokke is en veral die wat help met maandelikse toiletware, dit help ongelooflik baie!

Ons het'n emmerprojek waar mense betrokke kan raak en maandeliks vir ons 'n bydrae van kruidenierswaare kan maak. Indien jy sou belangstel, sal ek jou emmer nr met die lysie waarvoor jy verantwoordelik sal wees, gee. Dit kan dan maandeliks by Doxa Deo Midstream, Suidkampus of Raslouw Kampus afgegee word en ek sal dit gaan afhaal of andersins kan julle dit na Ki-Deo bring en sommer 'n lekker koppie koffie kom drink!

Dan het ons mense nodig wat bereid is om maandeliks te help met 'n finansiële bydraes om te help met al ons uitgawes. Jy kan dit sommer direk opstel op jou bankrekening of andersins kan ons jou voorsien met 'n debietorder. Kontak my gerus sou julle belangstel om te help met kruidenierware, skoonmaakprodukte of 'n finansiële bydrae.

Onthou ons is 'n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO en BEE (82%) sertifikate en kan ons jou voorsien met 'n artikel 18A sertifikaat.

Help ons asseblief om hierdie huis se deure oop te hou en om vir hierdie kinders 'n veilige hawe, 'n plek wat hulle "huis" kan noem, te kan gee.

Julle is altyd welkom om te kom kuier en ons wonderlike en mooiste kinders te kom ontmoet!

Tukkies Studente:

Dit gaan sommer baie goed met ons Tukkies studente en het hulle sommer baie goed gedoen met hul take en toetse en skryf hulle hul eerste eksamenvak al Saterdag! Ek is so trots op hulle en is dit wonderlik om ook die pad saam met hulle te kan stap en die trots, stress en die lekker van studentwees saam met hulle te kan beleef!

Behoeftes en Projekte:

Maandelikse Behoeftes:

- **Finansiële bydraes om te help met die begroting.**
- **Help met kruidenierswaare.**
- **Help met kinderpartytjies, die volgende verjaarsdag is Danell op 6 Junie.**
- **Stuur vir my jou selfoon nr en ek stig 'n groep vir wanneer daar onvoorsiene uitgawes of nood is, soos skoene, 'n nuwe kind wat inkom en klere benodig en ek sms jou met besonder-hede. Jy kan dit dan aanstuur of help waar ookal jy kan.**
- **Skryfbehoeftes wanneer benodig.**
- **Uitstappies**
- **Bederf met kitsetes.**
- **Benodig 'n kontak om te help met afslag vir daaglikse melk en brood.**
- **Help met huiswerk.**
- **Naweek– en vakansieouers.**

Medies:

- **Benodig ginekoloog of nierspesialis vir een van ons dogters wat o.a. 'n nierprobleem het.**
- **Pediater of Psigiater vir mediese voorskrifte.**

Projekte:

- **Dak moet herstel en geverf word word.**
- **Huis moet binne en buite geverf word.**
- **Paving moet oorgedoen word in sekere areas en sementblad of paving vir onder die afdak.**
- **Bussie: Het al R120 000 kon insamel en werk nog hard aan die res!**

Nice to have projekte:

- **Koffiebekers**
- **Glase**
- **Plante vir die tuin**
- **Gautrein uitstappie**
- **Groot potte (17 mense vir wie ek kook).**
- **Groot los matte vir kleiner dogters se kamer asook seuns se kamer.**
- **Wekkers vir die 3 kamers**
- **Groot spieël vir jonger dogters se kamer.**
- **Nuwe kraan vir kombuis, huidige een is swak gehalte en lek!**